
# OPSAAL!



**NO. 2: 1996**



## VAN DIE REDAKTEUR

Ons klub vier vanjaar sy tiende verjaardag en dus is dit die saamwees, saamstap en vriendskap van 'n groep mense wat oor 'n tydperk van tien jaar saamkom, wat gevier word.

As ek al die "onthou jy nog" stories van die lede lees en hoor hoedat hulle mekaar help en bystaan, laat dit my aan 'n groep wilde eende, in vlug, dink: hulle vlieg in 'n bepaalde formasie sodat hulle die minste lugweerstand ervaar en na 'n tyd word die leier afgelos, sodat hy 'n bietjie kan rus. Hulle geroep van agter is om die voorstes aan te moedig en sou een van hulle siek word of iets oorkom is daar een of twee eende wat saam met hom uit die formasie beweeg, grond toe gaan en by hom bly tot hy weer herstel het of dood is. Dan vorm hulle weer hulle eie formasie en sluit by die ander aan. Hulle ondersteun mekaar die hele tyd en sorg vir mekaar! - dis mos van ons stapklub ook waar!

Dit is interessant om te hoor dat, volgens Sonja van Walbeeck (ons sekretaresse vanaf '88-'93), die

aanvanklike ledegeld R12 was en vanaf '91 verhoog is na R15. Die kilometertarief was 5 sent per kilometer en vanaf '91 was dit 10 sent. Ai, hoe lekker sou dit nie gewees het as ander lewensmiddele se pryse nie ook so stadig gestyg het nie! Volgens oom Tom het ons tydskrif se naam as volg ontstaan: "Tydens redigering van die eerste Opsaal, 1/'92, konsepverslag, het die destydse redaksie synde, wyle Hennie Booysen, Susanne Theron en die uwe bespiegel oor 'n naam en die naam Opsaal het spontaan na vore gekom en is aanvaar."

En aan die "rustige Sederberg stappers" wat die lááng pad Uitkyk toe gevat het: Kitty williams sê dat julle wel 'n sneeuprotea (Protea scolopendriifolia) gesien het, maar dis glo nie die een wat julle gedink het dit is nie (Protea cryophila). Blykbaar was julle "Everest" nie hoog genoeg nie!

Wat ek net nog steeds nie verstaan nie, is wat die verskil is tussen "verdwaal" en die "verkeerde pad vat"? Die spul wat daar in die Sederberge die lááng pad gevat het, het blykbaar nie verdwaal nie, maar net die verkeerde pad gevat! Lees gerus van die petalje in hierdie uitgawe en kyk of julle duidelikheid hieroor kan kry!

Alétte Smith





# VOETSLAAN

deur Tom Boshoff

Sonder veel vrees vir teëspraak, dink ek dat geen mens môre- oggend wakker skrik en net vir die grap terstond besluit om gou een van die omliggende pieke te gaan uitklim nie. Moet hulle nie onderskat nie, elkeen is 'n "meneer" in eie reg, niemand se maat nie. Waag jy dit wel, en jy bereik mettertyd die kruin, het jy rede om tevrede te voel.

George se bevolking, 1991-sensus, was 48262 siele waarvan 21624 blankes was. Daar bestaan geen maatstaf om te bepaal hoeveel van daardie mense al ooit enige van die omliggende pieke bestyg het nie. Daar bestaan egter etlike voetslaanklubs en ek bepaal my voortaan slegs by Berg-en-Dal Voetslaanklub. Tans het ons 46 aktiewe lede d.w.s. 0,216% van die bevolking wat een of meermale een of al drie pieke reeds uitgeklim het. Hoe hulle dit ervaar het of hoe lank dit geneem het, is nie nou belangrik nie. Feit bly staan dat jy een van daardie geringe klompie mense is wat uit eie beweging dit wel gedoen het. 'n Mens kan tot in die oneindige bespiegel wat enigiemand besiel om met 'n weinige proviand en bottel water een van die omliggende pieke te bestyg en jy sal nooit 'n oorwegend bevredigende antwoord kry nie. Sommige is met een keer tevrede, want dit vervul 'n ideaal. Vir ander bly dit 'n voortdurende uitdaging om dit weer en weer te doen. Wees egter verseker dat die eise wat dit aan geestelike voorbereiding, fiksheid en uithouvermoë stel, keer op keer enorm is. Alles word egter ruim vergoed as die voetslaners bo-op daardie piek staan en die grenslose skepping na alle kante toe betrag. Dan en slegs dan kan jou feilbare beperkte begrip ook net maar by benadering begryp hoe 'n nietige niks die mens in God se skepping is.



# 1996 SE KRISIS

deur Tom Boshoff

O alla wêreld, o alla tyd,
die beste van my jare is ek noual kwyt.
'n Ernstige ramp het Berg-en-Dal getref.
Carlien se rosyne-handel is nie meer met ons nie!

Aanvanklik het dit nie ernstig geblyk te wees nie. Terloopse opmerkings Saterdae bevestig 'n wesentlike gebrek. Ons het nooit begryp watter rol rosyne (sien ook Opsaal 1/'92) werklik speel nie. Ons kan nog rosyne koop, maar Carlien se rosyne, wat die Kaapse son en suiker sigbaar weerspieël en propvol energie is, koop niemand in 'n winkel nie.


Meneer die voorsitter, of ons dit nou wil erken of nie, Carlien se rosyne het onontbeerlik vir ons voortbestaan geword. Ons ervaar feitlik 'n noodtoestand weens die bedreiging en die oplossing skyn geleë te wees in:

Vriendelike oorreding,
'n opmars of 'n betoging.

Ons moet goed begryp dat Berg-en-Dal 'n ernstige krisis beleef en dat net Carlien se rosyne ons kan red.

**Die waarde van water word selde waardeer tot die put opdroog**

**- Anoniem -**





# DIE MENS, HENNIE MOUTON

deur Kitty Williams

Hy is sinoniem met Berg-en-Dal, deursettingsvermoë, geduld, begrip, lankmoedigheid en sterk skouers. In die sewe jaar wat ons vir Hennie ken, het ons nog nie sy moeilike kant gesien nie. Ek kan nie dink hoe die man ooit in die polisiemag bevele kon uitbulder nie. In die klub was dit nog altyd 'n sagte stem - 'n ware sagmoedige Neelsie - 'n man wat nie weet hoe om nee te sê nie.

Hennie is legendaries vir sy stapvermoë, maar die tyd stap vir almal aan en onderdele moet een of ander tyd slytasie toon. Toe hy dus daar vêr in die Transvaal grys in die gesig word, het dit skokgolwe deur klub gestuur. Hulle het hom onder in die Kaap gelap en gestop en hom huis toe gestuur. Enigiemand anders sou die feite in die oë kyk, maar nie Hennie nie. Hy gaan hierdie bloedpompie van hom reg moker. Hy praat van die weermag se 80km mars aan die einde van 1996 waaraan die klub moet deelneem en beslis nie sonder hom nie. Menigeen het die kop in ongeloof geskud, maar wat, toe die instrukteur by die gimnasium vir ons aanraai om nie by Hennie Mouton te probeer bybly nie, weet ons sy deursettingsvermoë en doelgerigtheid het weer gewen.

Die mars is nou geskiedenis. Austen was bagasiemeester en het elke dag huis toe gebel om die jongste nuus te bring: jong stappers het ou mense geword, vleispaleise is in die ambulans weggery, maar Hennie en sy span is anderkant deur sonder om hulle ouderdom te verraai. Nou wil Hennie afsaal. Ons moet 'n nuwe voorsitter soek. 'n Mens wonder hoeveel lede werklik besef hoeveel hy deur die jare op sy skouers geneem het. Alles verloop altyd so glad dat 'n mens vergeet dat 'n paar mense ongesiens hard werk om dinge klopdisselboom te laat loop. Altyd die gewillige donkie. Waneer stappers by die hut aankom, is dit hy wat vuurmaak, boepenspot skoonmaak vir kookwater en ander sleurwerk doen.

Dis hy, as leier, wat skemeraand in die Sederberge moes besluit om die moordende kloof bokant Uitkyk uit te klim om flitse op te neem vir die groep stappers wat

met 'n ompad huis toe gekom het. Teen hierdie tyd is Hennie se stralekrans al blink. Austen meen die man het wel 'n slegte nuk - hy verwag almal moet elke dag vroeg opstaan wanneer daar voetgeslaan word. Mag daar nog lank vroeg opgestaan word!

## BING SE VRUGTESTAFIES

500ml bruismeel
375ml ligbruin suiker
375ml klapper
250g vrugtekoekmengsel
125ml pekanneute - gekap (grondboontjies sal ook doen)
2 eiers, geklits
5ml vanielje geursel
125g botter
100ml olie
15ml kakao
10ml gemengde speserye

Meng die bruismeel, suiker, klapper, vrugte en neute.
Klits die eiers met vanielje geursel en voeg by.
Smelt die botter, olie, kakao en speserye saam oor lae hitte.
Voeg by die meelmengsel en meng deeglik.
Skep die mengsel in 'n gesmeerde bak (of pan) ± 26 x 21 cm
Bak teen 180°C vir ± 40 minute.
Sny in stafies en laat in bak (of pan) om af te koel.



Vrydag: 11 Oktober
Laasnag het die reën asof met emmersvol uit die lug geval. Dis net water en nogmaals water. Die rivier waar ons moet deur is onbegaanbaar - 'n wal water keer ons tot omtrent halftwee. Met baie praat, gespanne senuwees en naelskou is ons gelukkig almal deur die stroom. Veilig aangekom by Sanddrif - oor 'n baie verspoelde grondpad en ons neem ons intrek in drie huisies. Dis nou nie so mooi soos by UItkyk nie, maar hier het ons elektriese lig en 'n yskas.


Saterdag: 12 Oktober
Vandag klim ons deur die Wolfbergskeure na die Boog. Eintlik kan mens dit nie beskryf nie, die woorde ontbreek. Om onder die Wolfbergboog wat 30m hoog staan en oor die Tankwa-Karoo en Bokkeveldberge uit te kyk, is 'n prent wat ek nooit sal vergeet nie. Jy kyk en kyk en sien oneindig vêr. Die afklim in die skeur is vir party van ons nogal 'n nagmerrie. Kitty se brein en linkerbeen maak nie meer "kontak" nie en Magdaleen dokter haar met geloofsalf. Bing meen dat Elsie skaapvel aan haar broek se sitvlak moet werk, want sy kom sit-sit die berg af - alhoewel sy meen dat sy nie eers sal omgee as hulle kaal is nie. Erhard verlang na Eva en maak dat sy twee maal haar naam op die grond lees - en Eva se reaksie? - "tog so romanties."

Sondag: 13 Oktober
"Goeie more my sonskyn, goeie more my kind" - dis die woorde waarmee ons elke nuwe pragtige dag begroet. Ook vanoggend is alles nuut en mooi en skoon - ons voel so na aan ons Skepper. Die roete na die Maltesekruis is weereens 'n klimpad. Die veld is oortrek met die allerfraaiste veldblommetjies. Die spierwit bosse lelies wieg saggies heen en weer tussen die harde barre rotse. Ons drink "sjampanje" uit elke helder waterstroom en verstom ons aan die pragtige rotse. En dan, sommer so, staan die twintig meter hoë Maltesekruis voor ons - alleen in die helder blou lug.

Die laaste uitstappe is na die Stadsaalgrotte - en nou het ek regtig nie woorde om dit te beskryf nie. Deur die eeue heen het die wind en die water die rotse uitgekalwer en 'n asemrowende skouspel van gate en sale nagelaat. In elke rots sien jy 'n dier of 'n iets wat

Austen en Eddie dan deeglik ondersoek. Ons besoek ook die Boesmantekeninge wat baie duidelik teen die rotse staan - olifante en ek wonder waarom hulle in die wêreld olifante geteken het - was hier vroeër olifante gewees?

'n Onvergeetlike week het tot sy einde gekom en nou, nou lê ONTHOU voor. Ons het mekaar beter leer ken, beter leer help, beter leer liefkry en ons Skepper beter leer dank.





## KAAPSE MARS

deur Eddie van Niekerk

Die tiende jaarlikse Kaapse mars het plaasgevind op die 1-2 November 1996. Die skilderagtige roete deur die Kaapse Skiereiland is gevolg oor 'n afstand van ± 85km. Die mars het op die Kaapse Parade begin en na ongeveer 'n afstand van 48km het die stappers oornag op Noordhoek. Die mars het weer die tweede dag op die Parade geëindig.

Donderdag, 31 Oktober het die volgende stappers vanaf Hennie se huis na Kaapstad vertrek: Hennie, Annie, Faan, Mathie, Eddie, Willie, Coleen, Corrie en Danie. Hulle is afgesien en voorspoed toegewens deur Joye, Liena en Anna. By die militêre kamp te Somerset-Wes aangekom, het ons gaan rapporteer en het ons ons slaapplekke gekry. 'n Groep van ons het 'n bietjie die Kaap gaan verken, terwyl Hennie en Austen na die silwermyn by Tokai is, waar Hennie ons span gaan registreer het en reëlings omtrent die volgende twee dae se stap gaan bespreek het. Dié aand het ons almal maar vroeg ingekruip aangesien ons nie geweet het wat eintlik op ons wag nie.

Vrydagoggend, dou voor dag, is ons almal sak en pak Kaapse Parade toe - uitgevat in ons spoggerige stapuitrustings met ons spannommers (163) aan ons broeke vasgesteek. Op die Parade was aan elke span 'n genommerde terrein toegeken, waar ons gewag het vir die begin van die stap. Die Parade was 'n miernes van aktiwiteite soos die spanne ingekom het - 'n totaal van 209 spanne en 2090 stappers. Na die verwelkoming en toesprake deur die Kaapse burgermeester en die bevelvoerende generaal - Kommandement Westelike Provinsie, is die spanne in groepe van tien afgesit. Die pas wat gehandhaaf is vanaf die Parade tot by Tafelberg se kabelhuis was moordend. Hier het ek besef dat as ek met hierdie pas moet volhou, "clutch" ek by Bishops uit en wag net daar vir die weermag se "pick-up". Gelukkig vir ons het die pas afgeneem as gevolg van die nouer grondpad langs die berg. Hier het ons skielik begin daal na Constantia en glo my, almal se knieë het hiervan kennis geneem.

Die reëls was dat die volledige spanne deur die beheerpunte moes gaan, waar hulle die spanne gekontroleer het en die aankoms en vertrektye in die komper ingevoer is. Hier was ook toiletfasiliteite, vars water en mediese personeel om na seer voete en blase om te sien. Hiervandaan het die stap in alle erns voortgegaan deur Westlake, Silwermyn bergpas, na ons oornag bestemming te Noordhoek. Met ons aankoms om 16h20, by voltooiing van ons eerste skof, het elkeen 'n pragtige bierbeker met die weermag embleem daarop gekry. Hier het Austen vir ons gewag en ons geneem na ons tent. Vir diegene wat nog nooit in 'n weermag tentedorp tuisgegaan het nie, was dit seker 'n ervaring om nooit te vergeet nie. Toilette wat soos soldaatjies ingeryg staan, weermagtrokke met water en kos, mobiele storte en kombuise asook 'n veldhospitaal het herinneringe teruggebring na die dae toe ek my diensopleiding in die vloot voltooi het.

Ons het die aand ons kospakkies in ontvangs geneem, seer voete gedokter en vertroetel. Baie trots op onsself het ons gaan inkruip om uit te rus vir die volgende skof. Nou kon niks ons meer keer nie - klaar gaan ons maak al is dit dan op ons hande as die voete nie meer wil saamspeel nie.

Saterdagoggend om 07h20 het ons weer die pad gevat. Gou-gou het ons die hoogte oor Chapmans Peak kaf gestap. Hiervandaan het ons gesak na Houtbaai, toe weer geklim tot by Llandudno, Kampsbaai, Clifton en Seepunt, waarna ons om 14h20 by die Parade ingestap het. Die ontvangs daar was oorweldigend en die toekenning van 'n medalje, sertifikaat en lapelkenteken het dit alles die moeite werd gemaak.

Om op te som: Is ons volgende jaar weer daar? Beslis ja! Die reëlings deur die weermag was puik. Die ondersteuning van die ander stapgroepe, nasionaal en internasionaal, sowel as die publiek langs die pad was fantasties. Ek is seker dat ons as lede van die Berg-en-Dal voetslaanklub die hoë standaard van dissipline en netheid tydens die mars gehandhaaf het. Geluk aan elkeen wat hierdie mars voltooi het. Dit was voorwaar 'n wonderlike belewenis.





Die ses moedige stappers tydens die Kaapse Mars.

## NUWE VOETSLAANPAAIE

deur Hennie Mouton

Ansie van Vuuren, Posbus 60035, Van Ryneveldpark, 0045, tel. 012662 - 1140 (na 14h00) adverteer hulle voetslaanpaaie as volg: "As jy moeg word vir die lewe in die stad, sit jou ou hoedjie op jou kop, kierie in die hand, pak jou 'martelpakkie' van hoek tot kant en vat net die mooiste voetslaanpad!"
Hebron wandelroete: 16km noord-oos vanaf Carolina op die Machadodorp pad.
Lammergeier voetslaanpad: Lady Grey
Batoka voetslaanpad in Zambië: vyf nagte en vier dae langs die magtige Zambesierivier.

Silhouette voetslaanpad, Sutherland. Hierdie is 'n twee dae sirkelroete in die Karoo. Skakelpersoon: Sunette Steenkamp, Posbus 168, Sutherland, 6920, tel. 02392 en vra dan vir 3004 (na 19h00)

Fish River Lodge voetslaanpad: vier nagte in die Visrivier afgronde. Vervoer word gereël na en van die begin- en eindpunt. Die eerste en laaste nag kan in die basiskamp (Ais-Ais) oornag word. Die koste is R200 per persoon vir ses nagte. Skakelpersoon: Louis of Riëtte Fourie, tel. en faks. 09264 - 631 23762.

Indien u in Botswana wil reis en u is in 'n groep van agt, kan u in die Madikwe wildtuin slaap en in hulle Mosettha boskamp stap. Dit is 100km noord van Zeerust. Die koste is R3160 vir agt persone, maaltye ingesluit (vir twee nagte). Tel. 011 - 4655808

Transkaroo voetslaanpad, Noupoort: 24km oor twee dae of 42km oor drie dae. Oornag akkomodasie teen R12-20 per persoon beskikbaar. (tel. 04924 X 22112). Hierdie roete kan saam met roetes te Graaff-Reinet gedoen word. Hier kan Kompasberg en die Sneeuberge ook geklim word.



Hierdie roetes word deur Jacana Country Homes beheer.

In die omgewing van Ladismith is drie plase waar gestap kan word. Skakel 02372 en vra vir 3211 (die Cloetes) of 3213 (die Bassons) of 3612 (die Krugers).

Nog 'n roete in die Karoo is Tierberg by Prins Albert. Skakel vir Piet of sy vrou Helen by 04436 X 780.

Imbalala wildplaas, Mosselbaai bied twee roetes van 20km en 13km aan. Skakelpersoon: D.G. Pienaar, tel. 0444 X 952767.

Brosjures van die voetslaanpaaie is by Hennie Mouton beskikbaar. Lede moet self besluit of hulle van die roetes wil gebruik maak. Dit word wel ook in ag geneem tydens die opstel van stapprogramme.

